# AANSOEKVORM VIR BEURSE

# DIE GOEDVERWACHT MKB STUDIETRUST

## A. ALGEMENE INLIGTING

Die Trust stel jaarliks beurse beskikbaar vir behoeftige leerders van die groter Bonnievale en Moorreesburg distrikte met bogemiddelde akademiese potensiaal, vir die bywoon van 'n voltydse graad- of diploma kursus in 'n wiskundige en/of wetenskaplike rigting by 'n goedgekeurde Universiteit / Tegnikon / Kollege.

**1. KRITERIA**

Aansoekers wat aan die volgende kriteria voldoen sal in aanmerking geneem word vir die toekenning van 'n beurs vir finansiële hulp met naskoolse studies soos hierbo vermeld:

1.1 'n Bo-gemiddelde akademiese prestasie behaal in Graad 11 en 12; en
1.2 Finansieël behoeftig of minder gegoed is.

Die inkomste van die aansoeker se gesin, enige spesiale omstandighede binne die gesin en die getal ander kinders in die gesin wat aan opvoedkundige inrigtings studeer sal in aanmerking geneem word.

## 2. VOORWAARDES EN OMVANG VAN DIE BEURS

2.1 **Studierigting.** Die studierigting wat deur die aansoeker gevolg gaan word en die tersiêre inrigting waar die aansoeker beoog om te gaan studeer moet vermeld word in die aansoek. Die toekenning van 'n beurs is in die Trustees se absolute diskresie en hulle beslissing is finaal.

2.2 **Bewyse.** Daar sal van die aansoeker verwag word om bewyse voor te lê van keuring en toelating tot die kursus waarvoor om finansiële hulp aansoek gedoen word.

2.3 **Verandering van studierigting.** Indien die aansoeker tydens sy/haar studies van studierigting wil verander, moet hy/sy die Trustees onmiddellik in kennis stel daarvan en volledige redes vir die verandering verskaf. Indien die nuwe kursus wat gevolg word nie aan die vereistes van die Trustees in hulle uitsluitlike diskresie voldoen nie, sal die beurshouer die beurs verbeur.

2.4 **Termyn.** Die duur van die beurs is vir die volle termyn van die suksesvolle aansoeker se studiekursus op voorwaarde dat elke akademise jaar ten volle geslaag word. Indien 'n beurshouer 'n akademiese jaar nie slaag nie, sal die beurshouer van nuuts af moet her-aansoek doen vir die voortsetting van die beurs.

2.5 **Omvang**. Die beurs betaal slegs klasgelde, minus alle ander beurse wat aan die beurshouer toegeken word soos byvoorbeeld: merietebeurse van die betrokke

instansie. Alle ander kostes sal vir die suksesvolle aansoeker se eie rekening wees, maar die Trustees het 'n diskresie om aan werklik behoeftige suksesvolle kandidate addisionele fondse in hulle uitsluitlike diskresie toe te staan.

2.6 **Terugbetaling.** Ten einde die Trust op die langtermyn lewensvatbaar te hou, sal daar van alle beurshouers verwag word om na hulle studies (hetsy suksesvol of onsuksesvol) een helfte van die totale beurs wat aan hulle toegestaan is, binne 'n periode van 10 jaar van datum van beëindiging van hulle studies, terug te betaal aan die Trust. Detail van rente betaalbaar op die voormelde terugbetaling, indien enige, sal skriftelik aan die suksesvolle beurshouer deurgegee word met toestaan van die beurs.

## 3. VEREISTE DOKUMENTASIE

### 3.1 Die onderstaande dokumente moet aangeheg word aan alle aansoeke:

3.1.1 *Gewaarmerkte* eksamenuitslae van die Gr 11 November eksamen en Gr 12 Junie eksamen.

3.1.2 Een *oorspronklike* of *gewaarmerkte* getuigskrif.

3.1.3 'n Afskrif van die identiteitsdokument van die aansoeker en sy/haar ouer/voog.

3.1.4 'n Keuringsbrief / voorlopige toelating van die Universiteit / Tersiêre instansie vir die betrokke kursus wat die kandidaat beoog om te volg.

3.1.5 'n Beëdigde verklaring van die aansoeker se ouers / voog met 'n volledige uiteensetting van die ouers / voog se finansiële posisie en redes waarom die toekenning van hulp oorweeg moet word.

3.1.6 'n Afskrif van die ouers / voog se salarisstrokie moet aangeheg word.

3.1.7 'n Motivering in nie meer as 300 woorde van die aansoeker self oor hoekom die hulp toegestaan moet word en 'n uiteensetting van hoekom hy/sy die bepaalde studierigting kies.

3.1.8 Volledige ingevulde en ondertekende Aanhangsel A. (Aansoekvorm)

### 3.2 GEEN ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL OORWEEG WORD NIE

3.3 Alle aansoekers moet bereid wees om 'n onderhoud(e) te voer met die Trustees en indien versoek aanlegtoetse af te lê.